

Vrydag 18 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 1:1-8

Fokusgedeelte: Jakobus 1:1-8

Blydskap in beproewing!? Hóé?

Pynlike gebeure in 'n mens se lewe kom baie keer sonder aankondiging. Die Christene aan wie Jakobus skryf, het groot sosiale druk beleef, hulle is uitgebuit, hulle loon is terug-gehou, hulle is onregverdig verhoor en het siekte en armoede beleef. Ook die dood. Nou hoor hulle dat hulle daarvoor baie bly moet wees!

Hoe is dit moontlik? Gesels met iemand wat al baie pynlike dinge moes deurmaak en jy sal hoor hulle bring dit byna altyd in verband met God, sy voorsienigheid, sy regering en sy sorg. Dit is alleen wanneer ons God se hand ook in die pynlike dinge wat in ons lewens gebeur, kan raaksien, dat ons van vreugde oorloop. Want ons weet – ons het ervarings-kennis – dat Hy daarmee 'n heilige doel het. Hy suiwer ons geloof in Hom. Hy oefen ons om te kan volhard. Deur dit alles heen maak Hy van ons héél mense: geestelik gesonde mense in wie se lewens daar ook gesonde geloofsvrugte gedra word waarin God geëer word.

Tog – al het ons al die lewenservaring in die wêreld en kan ons by mense leer wat deur die lewe gevorm is, bly dit moeilik om bly te wees deur die pynlike dinge wat in hierdie lewe gebeur. Selfs al sien ons God se hand daarin – dit bly moeilik! Daarom moet ons God gelowig en sonder twyfel om wysheid bid. Sonder voorbehoud en sonder verwyte gee Hy aan ons alle wysheid wat ons in ons beproewing nodig het om blymoedig ons beproewinge te dra. Om blymoedig sy hand in ons beproewinge raak te sien. Om blymoedig in die geloof gesuiwer te word. Om blymoedig te volhard. Om – al is dit pynlik – Hom met blymoedigheid te eer as geestelik gesonde mense wat gesonde geloofsvrugte dra!

Sing: Psalm 119-1:23, 25, 62

Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)